KWAGGA OPVOEDKUNDIGE SENTRUM

Voorligting en Sielkundige Dienste

Tel: 044 87 44 156 / Epos: sielkundige@outeniqua.co.za

VAKUITSTALLING

Augustus 2021

Liewe ouers en leerders

Ek wil u graag uitnooi na ons vakuitstalling toe. Die doel van hierdie uitstalling is om vir u die geleentheid te bied om spesifieke navrae aan die vakhoofde te rig. U sal ook meer inligting rondom die inhoud, moeilikheidsgraad en vereistes van die vakke kan bekom.

Om COVID-regulasies na te kom gaan ons die graad 9-klasse in drie groepe verdeel. Elke groep sal ‘n tydgleuf kry waarin hulle die vakuitstalling kan besoek. Die graad 9-leerders sal dan na afloop van hierdie aand die geleentheid kry om hulle vakkeuse vir 2022 uit te voer. Meer inligting rondom die dag en wyse waarop die keuse uitgevoer sal word, sal later bekend gemaak word.

Die volgende praktiese reëlings is baie belangrik:

DATUM: Dinsdag 17 Augustus 2021

PLEK: In die skoolsaal. Ouers en leerders sal voor by die saal ingaan en weer by die sysaal uitbeweeg.

SKANDERING: Ouers en leerders moet by die Kunssentrum aanmeld vir skandering en sanitering. U moet asseblief 15-minute voor die tydgleuf aanmeld vir skandering.

VOORBEREIDING: Tyd is beperk, so bestudeer asseblief vooraf die vakkeuseboekie sodat u met spesifieke navrae na die vakhoofde kan kom.

DRAG EN BYWONING: Bywoning is nie verpligtend nie, maar leerders wat hulle ouer(s) vergesel, moet in skooluniform aanmeld.

VAKKE WAT VERTEENWOORDIG SAL WEES: Alle vakke (behalwe LO en Afrikaans) sal by die uitstalling wees. Ek sal ook by die uitstalling wees om navrae te beantwoord.

GROEPE EN TYE:

Datum	Tydgleuf	Klasse
Dinsdag 17 Augustus 2021	16:45 – 17:30 (45 min)	9/05 9/15 9/67
Dinsdag 17 Augustus 2021	17:30 – 18:15 (45 min)	9/25 9/54 9/20
Dinsdag 17 Augustus 2021	18:15 – 19:00 (45 min)	9/02 9/19 9/39 9/36

VAKKEUSE VIR GRAAD 10, 11 EN 12

VERPLIGTE VAKKE:

Afrikaans Huistaal en Lewensoriëntering

Leerders moet 'n verdere 5 vakke kies.

KIES DUS <u>EEN VAK</u> UIT ELKEEN VAN DIE 5 GROEPE:

GROEP 1: Engels 1ste Addisionele Taal Engels Huistaal	**GROEP 2:** Wiskunde Wiskundige Geletterdheid

GROEP 3: Fisiese Wetenskappe Lewenswetenskappe Besigheidstudies Geskiedenis Ontwerp Musiek	**GROEP 4:** Lewenswetenskappe Rekeningkunde Ekonomie Toerisme Visuele Kunste Landbouwetenskap Ingenieursgrafika (IGO) Musiek	**GROEP 5:** Geografie Gasvryheidstudies Dramatiese Kunste Visuele Kunste Verbruikerstudies Ontwerp Rekeningkunde Rekenaartoepassingstegnologie (RTT) Inligtingstegnologie (IT) Musiek

Vriendelike groete.

Anne-Marie Naudé

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDIGE